

## HOOFSTUK 3

TAAL- EN KULTUURKONTAKTE IN PRETORIA

Die doelwit met hierdie hoofstuk is om te beskryf wat die aard en omvang van die ondersoekgroep se kontak met Afrikaans en Engels op bepaalde lewensterreine is, en om te beskryf watter kommunikasiefunksies Duits naas Afrikaans en Engels in Pretoria vervul.

Ter bereiking van hierdie doelwitte word die volgende behandel:

- beskrywing van lede van die ondersoekgroep se praat-, lees-, skryf- en luistergewoontes met betrekking tot die drie kontaktale, en wel in bepaalde lewensfere
- dominansie van bepaalde tale in spesifieke lewensfere
- taalkontak as voorloper van taal- en kultuurverskuiwing

2. In 'n moderne samelewing kan daar ruwe drie hoof funksies van 'n taal onderskeel word, nl.:-  
 - as medium vir onderwys en opleiding  
 - as instrument om werkverskaffing te bewerkstellig  
 - as middel om massakultuurdrag te laat plaasvind.

## 3.1 ALGEMENE SITUASIEBESKRYWING

As gevestigde inwoners van Pretoria het die lede van die ondersoekgroep die vermoë om Duits, Afrikaans en Engels in hul daaglikse lewe te gebruik. Onafhanklik van die waardeoordele wat hulle oor hul Duits in die besonder en oor die status van die kontaktale in die algemeen uitspreek (vgl. deel 2.3), moet hulle dikwels na Afrikaans of Engels oorslaan<sup>1</sup> as die situasie dit vereis, of as hul oogmerke beter bereik kan word deur die gebruik van een van die landstale.

Wat die taalsituasie en die opsies van die Pretoria-Duitsers betref: Lede van die ondersoekgroep weet uit ervaring dat die drie kontaktale nie in alle situasies ewe doelmatig is nie. Die wisseling van die een taal na 'n ander is dus nie 'n lukraak aktiwiteit nie, maar 'n funksionele aangeleentheid.<sup>2</sup>

- 
1. In hierdie ondersoek word die wisseling van een taal na 'n ander **kodewisseling** genoem - met ander woorde die keuse wat in 'n gespreksituasie tussen die betrokke tale Duits, Afrikaans en Engels gemaak word, en nie die wisseling tussen bv. Standaardduits en 'n dialek van Duits nie. Laasgenoemde tipe kodewisseling vind bv. in Switserland plaas waar die Duitssprekende Switser tussen Standaardduits as een tipe kode en Switserse Duits as 'n ander tipe kode kan kies. Vgl. U. Weinreich. 1974 p.79.
  2. In 'n moderne samelewing kan daar ruweg drie hoof funksies van 'n taal onderskei word, nl.:
    - as medium vir onderwys en opleiding
    - as instrument om werkverskaffing te bewerkstellig
    - as middel om massakultuuroordrag te laat plaasvind.

In die Suid-Afrikaanse situasie vervul Engels waarskynlik meer hoëvlakse kommunikasiefunksies as Afrikaans en Duits - tensy dit, wat Duits betref, spesifiek om die instandhouding van Duitse gebruike en tradisies gaan, soos in Hoofstuk 2 beskryf.

Die gebruik van twee of meer tale kan ook vanuit 'n diglossie-benadering beskryf word.<sup>3</sup> In so 'n digotomie gaan dit om die funksies van die Gp se Siedlerdeutsch aan die een kant en om die gebruik van Afrikaans en/of Engels aan die ander kant.

Hoe lyk die diglossie-situasie in Pretoria?

-----  
 3. a. **Diglossie** self kan vanuit twee hoeke benader word. Eerstens bestaan daar **eenvoudige diglossie** (Dts. einfache Diglossie) waarin 'n standaardtaal en dialekte of ander variante van dieselfde taal verskillende (lae en hoë) funksies vervul. Tweedens is daar ook van **saamgestelde diglossie** (Dts. zusammengesetzte Diglossie) sprake waar een (standaard)taal as die omgangstaal (op die laer vlak) en 'n ander (standaard)taal as kultuurtaal (op die hoër vlak) funksioneer. Soos in die geval van kodewisseling word laasgenoemde benadering in hierdie ondersoek gevolg.

b. Binne die raamwerk van diglossie is die beperkte gebruik van Duits in Pretoria nie 'n uitsondering nie. Oorsese sosiolinguistiese ondersoeke lê dieselfde verskynsels bloot. So het N. Denison bv. gevind dat "... language selection among adults in Sauris in the 1960s shows a high degree of correlation with situational categories: so that the three languages may indeed be regarded as diatypes. Briefly Italian correlates with the H end of the scale of situation categories and the German with the L end, Friulian occupying the middle ground (M)". N. Denison. *Some Observations on Language Variety and Plurilingualism*, in: J.B. Pride and J. Holmes. 1972. *Sociolinguistics*. Penguin, Penguin Education p.66.

4. Vgl. K. Prinsloo. 1972. p.27.

Soos reeds in Hoofstuk 1 genoem, behoort die gevestigde Pretoria-Duitsers tot die middel- tot hoër klas. Dit blyk onder andere uit hul opleiding: van die 65 Gp het 51 universiteitsopleiding geniet (vgl. die antwoorde op SLF 22). In die algemeen kan hierdie groep dus as goed gekwalifiseerd beskou word.

Hierdie opleiding op tersiêre vlak (sy dit nou op universiteit of aan 'n inrigting soos 'n technikon) het egter grotendeels by die Gp in Afrikaans en/of Engels plaasgevind. Gevolglik is baie van die opvoedkundige vakinhoud op 'n hoër vlak beter aan die Gp in Afrikaans of Engels bekend. Dit bring mee dat baie van die Gp hulle vakkundig op 'n hoër vlak beter in die landstale kan uitdruk as in Duits (hierdie stelling sal in deel 3.4 ondersoek word).

Daarenteen handel die Pretoria-Duitsers alledaagse, persoonlike dinge in Duits af (dit blyk uit die resultate van SLF 38). Die lede van die teikengroep maak dus noodwendig van twee kodes gebruik: 'n Duitse kode vir die gewone, alledaagse kommunikasie, en 'n Afrikaanse of 'n Engelse kode vir gesprekvoering op 'n hoër vlak. Dit is 'n diglossie-situasie waarin die hoë variëteit (Eng. high variety) in die Suid-Afrikaanse konteks veral die landstale behels, en die alledaagse, laer variëteit (Eng. low variety) deur hoofsaaklik Duits verteenwoordig word.<sup>4</sup>

4. Vgl. K. Prinsloo. 1972. p.27.

Die genoemde kodewisseling en diglossie is beskryf teen die agtergrond van die meertalige samelewing in Suid-Afrika waarin die Pretoria-Duitser hom bevind. Waarneming van die situasie in Pretoria toon egter dat daar in Pretoria 'n asimetriese tipe meertaligheid onder die verskillende spraakgemeenskappe bestaan.

Terwyl die Afrikaans- en Engelssprekendes hoofsaaklik tweetalig is omdat hulle meesal net Afrikaans en Engels praat, is die swart bevolking en die taal minderhede soos die Duitssprekendes meertalig omdat hulle naas hul eie tale ook om praktiese redes die landstale in 'n mindere of meerdere mate moet beheers.

In die genuanseerde samelewing waarin die ondersoekgroep hulle bevind, toon die drie kontaktale hulle onderskeie swaartepunte of aksente, sodat daar in Pretoria 'n egte meertaligheidssituasie<sup>5</sup> bestaan. Dit word ondersteun deur J.

-----  
 5. a. In verband met die verhouding tussen kodewisseling en gespreksituasie kan daar tussen twee vorms van tweetaligheid (wat die Gp se situasie in Pretoria betref, pas ek die beginsel op meertaligheid toe) onderskei word, nl. tussen (a) gekoördineerde en (b) saamgestelde meertaligheid (my vertaling van koordeinierte en zusammengesetzte Zweisprachigkeit). Vgl. N. Dittmar. 1973. p.211.

b. Ook ander tipes meertaligheid is in die Pretoria-Duitersers se situasie van toepassing, bv. kulturele en streksmeertaligheid.

c. Oor meertaligheidsprobleme, vgl. verder ook K. Prinsloo. 1972. p.25-27; U. Weinreich. 1974. p.82.

Fishman se opmerking:

"This is so precisely because socially patterned bilingualism can exist as a stabilized phenomenon ONLY if there is functional DIFFERENTIATION between two languages rather than balance."<sup>6</sup>

In hierdie tipe taalsituasie ontstaan die probleem dat die Pretoria-Duitsers, as 'n minderheidsgroep, nie met net Duits alle gemeenskapsfunksies kan vervul nie. Hulle maak dus noodwendig bepaalde taalkeuses op grond van die situasies waarin hulle verkeer en die rolle wat hulle in die groter gemeenskap van Pretoria moet vervul.

Die Gp se taalkeuses in bepaalde situasies, hulle kontak met die twee ampstale op verskillende lewensterreine asook die rol wat Duits nog in hulle daaglikse transaksies speel, word m.b.v. bepaalde aannames (in afdeling 3.2) met die implikasies daarvan (in afdeling 3.4) beskryf.

### 3.2 AANNAMES MET TOETSBARE IMPLIKASIES

Die Gp is nie alleen meertalig in die sin dat hulle vermoë uitdrukkinge saak opslagnisse in hul Duitse woordeskat om Duits, Afrikaans en Engels te gebruik op 'n bevredigende peil is nie (antwoorde op SLF 25), maar hulle het ook 'n positiewe ingesteldheid teenoor die drie kontaktale. Ver-

-----  
6. J. Fishman. 1968(a). p.26.

der kan daar aangeneem word dat daar in Pretoria met verloop van tyd redelik stabiele taalgebruikspatrone by die meeste Gp ontstaan het.

Op grond van hul ervarings met sprekers in bepaalde situasies, hulle kennis van die omstandighede in Pretoria en die aannames wat hulle self oor die suksesvolle keuse van 'n taal om instrumentele redes maak, sou daar ook voorspel kon word hoe hulle taalgedrag onder bepaalde omstandighede sou wees.

So 'n voorspelling is gebaseer op die basiese aanname (0) dat taal en taalgedrag 'n weerspieëling is van sosiale prosesse en strukture.

'n Implikasie van hierdie aanname is dat die Gp self, of hul voorouers, reeds sekere taalkundige aanpassings moes maak om by die omstandighede in Suid-Afrika aan te pas. Hulle het nie net die twee amptelike landstale aangeleer nie, maar hulle Duits is self ook aangepas - in dié sin dat lokale uitdrukkings asook ontlenings in hul Duitse woordeskat voorkom (vgl. Hoofstuk 4).

'n Verdere aanname is (1) dat taalgebruik en taalkeuse die funksie of die resultaat is van taalhoudings. Aangesien die Gp in die algemeen positief teenoor al drie die kontaktale ingestel is, kan daar aangeneem word dat hulle bereid is om hierdie tale te gebruik.

Daar kan aangeneem word (2) dat al drie die kontaktale nie dieselfde kommunikatiewe funksies kan vervul nie en ook nie ewe doelmatig in die gemeenskapslewe van die Gp kan wees nie, en dat die funksies van die drie betrokke tale dus eerder komplementêr as dupliserend sal wees.

In terme van die diglossie-beginsel kan aangeneem word (3) dat Duits veral onder vriende, in die huisgesin en tydens vryetydsbesteding 'n dominerende rol sal speel, terwyl Afrikaans weer veral in die openbare dienste en in onderhandelings met die owerhede belangrik sal wees. Die handel en die nywerheid sal weer beter deur die gebruik van Engels bereik kan word.

Daar kan dus aangeneem word (4) dat veral Duits (en ook in 'n beperkte mate Afrikaans) die laer variëteit, en Afrikaans en Engels die hoër variëteite sal verteenwoordig.

### 3.3 RAAMWERK VIR TAAKONTAKTSITUASIEBESKRYWING

In die navolging van die reeds gestelde doelwitte sal die gegewe wat bet die SLP en die literatuurstudie ingewin is.



Om hierdie rede kan daar aangeneem word (5) dat Duits in Pretoria 'n beperkte lek is. Dit impliseer dat die werklike funksionele gebruik van Duits tot sekere situasies of temas beperk is.

Verder kan daar aangeneem word (6) dat dit 'n voorwaarde is vir die handhawing van 'n taal dat daar 'n redelik stabiele, maar veral 'n sterk ondersteunende, milieu moet bestaan waarbinne die betrokke taal gebruik word. Vanweë die heterogene kulturele milieu in Pretoria, het die Gp ook kontak met ander tale, gebruike en tradisies. Dié tipe kontak is veral baie sterk in huwelike tussen Duitssprekendes en andertaliges. 'n Belangrike implikasie hiervan is dat die Duitse Umwelt verskraal, en die Duitssprekendes toenemend aan die invloede van ander taal- en kultuurgroepe blootgestel word.

Daar kan ook aangeneem word (7) dat taalverskuiwing nie op alle terreine van die lewe ewe vinnig plaasvind nie. Dit impliseer dat taalgebruikers in sommige lewensfere soos die huisgesin meer geneig is om die eie taal te handhaaf as bv. in die werksituasie.

### 3.3 RAAMWERK VIR TAALKONTAKSITUASIEBESKRYWING

In die nastrewing van die reeds gestelde doelwitte sal die gewens wat met die SLF en die literatuurstudie ingewin is,

in terme van die volgende kategorieë<sup>7</sup> aangebied word:-

- Huis, huisgesin, familie en vriende
- Onderwys en opleiding
- Kerk en religieuse aangeleenthede
- Beroep, werkterrein of vakgebied
- Vryetydsbesteding, sport en kultuurbeoefening.

In hierdie vyf domeine<sup>8</sup> of situasies is dit ook belangrik om na die Gp se praat- en skryfgewoontes te kyk. In afdeling 3.4 word die volgende visueel voorgestel:

-----  
 7. Vgl. R. Grüner. o.J. *Die deutsch-südafrikanischen Siedler in Kroondal bei Rustenburg - eine soziolinguistische Analyse.* Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Maschinschrift).

8. a. Vir 'n omskrywing van die begrip 'domein' (waaronder ook die verskillende sfere van die samelewing verstaan kan word) kan R. Cooper se definisie gebruik word " ..... an institutional context, sphere of activity, or set of interactions for which implicit rules for appropriate behaviour exist. Examples of domains (which must be empirically determined for any speech community) might be home, neighbourhood, church, school, and work sphere."

R. Cooper. 1969. p.196. How can we measure the roles which a bilingual's languages play in his everyday behaviour? Aangehaal in: K.P. Prinsloo. 1972. p.25.

b. Oor die eienskappe van sodanige domeine spreek J. Fishman hom soos volg uit: "Domains refer to gross, norm-related and institutionally recognized regularities. They do not provide for incongruent cases (e.g. interaction between parents and their children in the classroom) nor for variation in interaction in order to attain varying personal ends". J. Fishman. 1968(a). p.39.

Figuur 1: Praatgewoontes met blankes - frekwentste taal

Figuur 2: Praatgewoontes met blankes - tweede frekwentste taal

Figuur 3: Praatgewoontes met die swart bevolking van Pretoria

Figuur 4: Skryfgewoontes

Figuur 5: Uitdrukkingsvermoë wanneer gepraat word

Tabel 1: Taalvermenging in verskillende situasies


Die linguistiese gevolge van die kontak met Afrikaans en Engels word in Hoofstukke 4 en 5 aangebied.



Fig. 1: Praatgewoontes met blankes; frekwentste taal

Duits —————  
 Afrikaans - - - - -  
 Engels .....  
 Duits .....  
 Afrikaans .....  
 Engels .....

Frekwensie



i=6

N=65

Informeel

Formeel

Sleutel:  
 Gesprekke


- a. met eggenoot
- b. met ouers
- c. met familieledede
- d. met vriende
- e. tydens inkopies met verkoops personeel
- f. by godsdienstige geleenthede
- g. met kollegas in die beroep
- h. met beamptes in die handel
- j. met persone in akademiese kringe
- k. in staatsorganisasies

Fig. 2: Praatgewoontes met blankes; tweede frekwenste taal

Sleutel:

Gesprekke

- a. met eggenoot
- b. met ouers
- c. met familieledede
- d. met vriende
- e. tydens inkopies met verkoopsperoneel
- f. by godsdienstige geleenthede
- g. met kollegas in die beroep
- h. met beamptes in die handel en nywerheid
- j. met persone in akademiese kringe
- k. in staatsorganisasies



i=6

N=65

Informele situasies

Formele situasies



Fig. 4: Skryfgewoontes

- Sleutel:  
Skriftelike mededelings
- a. aan familieleden
  - b. gedurende vrytydsbesteding
  - c. in die werk- of beroepsituasie
  - d. in die handel, bankwese en industrie
  - e. in akademiese aangeleenthede
  - f. aan openbare instansies








Fig. 5: Mondelinge uitdrukkingsvermoë

Sleutel: Mondelinge mededelings

- a. in die beroep
- b. tydens inkopies
- c. om woede of opgewondenheid uit te druk
- d. oor die huishouding of 'n belangstellingsterrein
- e. vir opvoedkundige doeleindes
- f. tydens godsdienstige gesprekke
- g. oor tegniese of wetenskaplike onderwerpe

Duits   
 Afrikaans   
 Engels 

Frekwensie



i=6  
N=65



Tabel 1: Taalvermenging in verskeie situasies (vgl. SLF 57)

<u>Situasies</u>	Geen ver- menging met <u>landstale</u>	<u>Frekwensies van Antwoorde</u>		Benaderde % vir vermenging uit	
		<u>Engelse Uitdrukkings</u>	<u>Afrikaanse Uitdrukkings</u>	<u>Engels</u>	<u>Afrikaans</u>
a. Gedurende gesprekke met vriende en familie- lede	17	24	24	50 %	50 %
b. In gesprek- ke met kol- legas in die werk- of beroep- situasie	20	23	22	51 %	49 %
c. In gesprek- ke in 'n kafee of 'n winkel as inkopies gedoen word	23	20	22	48 %	52 %
d. As woede of opgewonden- heid uitge- druk word	29	20	16	55 %	45 %
e. In medede- lings oor 'n belang- stellings- terrein soos sport	22	20	23	47 %	53 %
f. By die be- spreking van opvoed- kundige aangeleent- hede	24	19	22	46 %	54 %
g. By kerklike geleenthede	44	11	10	52 %	48 %
h. By die be- spreking van tegnie- se en we- enskaplike onderwerpe	14	38	13	75 %	25 %

### 3.4 TAAL- EN KULTUURKONTAK IN PRETORIA

#### 3.4.1 Inleiding

Die Gp se kontak met die Afrikaanse en Engelse taal- en kultuurgroepe word beskryf in terme van die reeds genoemde situasies of sfere van die samelewing waarin die lede van die ondersoekgroep bepaalde voorkeure vir die een of die ander taal toon, of 'n keuse maak om 'n tema of onderwerp in 'n sekere taal met die hoorder of ontvanger van die boodskap af te handel.

Hierdie lewensterreine kan nie volkome van mekaar afgegrens of geskei word nie, omdat hulle almal saam deel van 'n geïntegreerde lewe vorm. Hieruit volg dat bepaalde taalkeuses en/of taalhandelinge (Sprechakte) tot meer as een domein kan behoort.

In samehang met hierdie domeine kan daar ook bepaal word vir welke doeleindes 'n tweede (of 'n derde) taal gebruik word. 'n Bruikbare indeling is dié van R. Cooper:<sup>9</sup>

Die medium van kommunikasie waardeur kontak met die tweede taal geskied, soos die pers, briewe, openbare voordragte

-----  
9. R. Cooper. 1969. p.192, soos aangehaal in K. Prinsloo. 1972. p.24.

- Gemeenskapsinstellings of spesiale terreine waar met die tweede taal te doen gekry word, bv. kerk, skool, hul gesin, beroepslewe
- Toonaard of styl van die tweede taal soos 'n persoon dit miskien gedurig ervaar, bv. formeel, informeel, intiem
- Tipe onderwerp waaroor, volgens die individu se ervaring, gewoonlik gehandel word in sy tweede taal, bv. tegniese, nie-tegniese onderwerpe, estetiese aangeleenthede.

Dit volg dat daar kovariasie kan bestaan tussen taal en tema; temawisseling lei soms tot kodewisseling. Kodewisseling bevorder taalkontak, en omgekeerd.

#### 3.4.2 Taalkontak in die Huis en die Vriendekring

Wat 'deutsches Brauchtum' betref, is daar reeds in Hoofstuk 2 sekere eienskappe en aktiwiteite van die oud-ingesetene Duitssprekende families genoem waaruit die lede van die ondersoekgroep getrek is.

10. Die vriendekring vorm 'n integrerende deel van die meer persoonlike lewe van die Gp. Volgens die begrip 'sosiale afstand' word die kategorie goeie vriende net onder die hoogste vlak van intimiteit, naamlik die huwelik, geplaas (vgl. E. Prinsloo, 1972, p.48). Taalkontakte in die huisgesin, met familiebetrekkings en vriende sal dus as 'n eenheid beskryf word.

Saam met die taalvoorkeure van die Duitssprekende families word in hierdie afdeling ook hul taalkeuses in verband met hul vriende beskryf.<sup>10</sup>

Watter funksie vervul Duits by lede van die ondersoekgroep?

Tydens die ondersoek het 49 van die 65 Gp aangedui dat Duits hul huistaal was, Afrikaans vir 11 en Engels vir 5 Gp. Duits is dan ook die taal wat die meeste met die eggenoot/eggenote en met vriende gepraat word (antwoorde op SLF 34) en wat ook as geskrewe taal gebruik word as daar met familie en vriende oor alledaagse onderwerpe gekorrespondeer word (antwoorde op SLF 49).

Dit is dan ook verstaanbaar dat die meeste Gp aangedui het dat Duits die taal is wat die meeste in die huislike omgewing gehoor word (antwoorde op SLF 47).

Vir baie lede van hierdie oud-ingesetene families is Duits egter nie noodwendig die moedertaal nie - dit is wel dikwels

-----  
 10. Die vriendekring vorm 'n integrerende deel van die meer persoonlike lewe van die Gp: Volgens die begrip 'sosiale afstand' word die kategorie *goeie vriende* net onder die hoogste vlak van intimiteit, naamlik die huwelik, geplaas (vgl. K. Prinsloo. 1972. p.48). Taalkontakte in die huisgesin, met familiebetrekkings en vriende sal dus as 'n eenheid beskryf word.

die primêre taal of die huistaal.<sup>11</sup> Hieruit volg dat kontak met Afrikaans en Engels ook reeds in die huis en met vriende begin. Ook die heterogene buurtes waarin die gesinne woon, bring mee dat die Gp reeds as kinders 'n vroeë en intensiewe kontak met Afrikaans en Engels gehad het.

In Duitse huise kom die kontak met die landstale dikwels ook tot stand deurdat gesprekke dikwels met die huishulp in veral Afrikaans gevoer word - al is dit soms 'n beperkte kode en 'n pidgintaal waarin opdragte gegee of inligting gevra word.

Die meeste Gp is baie bewus van hul Duitse identiteit wat so ver moontlik in die huislike kring bewaar word. In die algemeen identifiseer die Pretoria-Duitsers hulle maklik met ander Duitssprekendes met wie vriende gemaak en saam met wie geleenthede soos die Deutscher Tag in Kroondal bygewoon word. In aansluiting hierby het die Gp aangedui dat 'n kennis van Duits aan hulle die meeste aansien onder hulle vriende en familie verleen (antwoorde op SLF 68).

-----  
 11. Vir begrippe soos 'language of identity' (first language) en 'mother tongue' vgl. T. Hauptfleisch. 1983. *Language Loyalty in South Africa*. Vol. 4. *Language loyalty and language shift: some trends among white adults in urban areas*. Pretoria: Human Sciences Research Council. Report TLK/13. p.13.

Hoewel Duits meesal die hoër kommunikasiemedium is om aangeleenthede in verband met Duitse gebruike en tradisies mee te deel, is die Gp se variëteit van Duits dikwels 'n beperkte kode omdat dit (a) in die roetine van die huishouding hoogs konteksafhanklik is, (b) uitdrukkings of taalhandelinge bevat wat van 'n herhalende aard is (bv. die tafeligebed) en (c) gebruik word om alledaagse dinge te bespreek wat nie groot stylvariasie en baie registersinonieme van die sprekers verg nie.

In die huislike kring vind gesprekke meesal op 'n informele vlak plaas waartydens taalnorme nie doelbewus nagestreef word nie. Dit het ook tot gevolg dat taalvermenging met Afrikaanse en Engelse elemente in die Duits van die Gp hoog is gedurende gesprekke met familie en vriende (antwoorde op SLF 57), maar nie so hoog is as wanneer die Gp tegniese en wetenskaplike aangeleenthede bespreek nie. Die rede hiervoor mag wees dat die Duitse woordeskat van die Gp vir huishoudelike doeleindes meer toereikend is en dat benamings vir huishoudelike begrippe eerder deel vorm van hul aktiewe woordeskat as die benamings vir wetenskaplike en tegniese begrippe (vgl. ook die beroepsfeer in dié verband).

die in sluis wat op 'n formele wyse 'n kennis van standaardduits in die betrokke spraakgemeenskap bevorder. Volgens 'n globale selfbeoordeling deur die Gp praat die meerderheid dan ook nog 'n standaard Hoogduits (antwoorde op SLF 63).

Wat die ondersoekgroep se woordrykheid in Duits betref, het die Gp aangetoon dat Duits hul beste uitdrukkingsmiddel is om hul emosies uit te druk as hulle ergerlik is; as hulle oor die huishouding praat en as hulle gemoedelik met vriende verkeer (vgl. antwoorde op SLF 38).

Dit blyk dat, hoewel kontak met die landstale reeds in die huishouding en in die vriendekring voorkom, die huislike kring tog dié lewensterrein is wat 'n gunstige milieu vir die handhawing van die Duitse taal en kultuur bied.

Wat kommunikasiefunksies betref, het dit na vore gekom dat Duits by uitstek geskik is om die Gp se gevoelens uit te druk en om ander persoonlike en intieme sake mee af te handel. Verder dien Duits ook om sosiale netwerke in die vriendekring en met bekendes te versterk.

### 3.4.3 Taalkontak deur Onderwys en Opleiding

Die rol wat die Deutsche Schule in Pretoria speel in die handhawing en uitbouing van die Duitse taal en kultuur is reeds in Hoofstuk 2 bespreek. Dié skool is ook dié instansie wat op 'n formele wyse 'n kennis van Standaardduits in die betrokke spraakgemeenskap bevorder. Volgens 'n globale selfbeoordeling deur die Gp praat die meerderheid dan ook nog 'n standaard Hoogduits (antwoorde op SLF 63).

Van die 65 Gp het 53 aangetoon dat hulle Duits as skoolvak tot in die eindeksamen gehad het. Duits was ook vir die meeste Gp die primêre of die eerste taal waarin hul kognitiewe ontwikkeling plaasgevind het. Maar: In die hoër klasse van die Skool word meer komplekse inhoud deur middel van Afrikaans en Engels oorgedra as deur Duits. Dit bring mee dat leerlinge mettertyd daaraan gewoond word om ook die meer abstrakte begrippe en prosesse deur die landstale te bemeester en te gebruik. Dit is ook nie ongewoon dat Afrikaans en Engels in die een of ander vorm op die skoolterrein gehoor word nie.

Wat naskoolse opleiding betref: 'n Oorgrote meerderheid lede van die ondersoekgroep het naskoolse kwalifikasies, d.w.s. matriek plus 'n aantal jare verdere studie.

'n Groot aantal van die Gp wat in professionele beroepe staan, het in lande soos die Bondsrepubliek Duitsland studeer. Hierdie Gp is dus in staat om minstens oor hul beroepe en verwante sake op 'n hoë vlak in Duits te kan kommunikeer.

Afgesien van hierdie tipe blootstelling aan Duits vind die meeste tersiêre onderrig hier te lande in Afrikaans en Engels plaas. Die Gp wat op dié wyse kontak met die landstale maak, is dan ook gewoond om oor beroeps- of verwante sake in die landstale te kommunikeer. Afrikaans en Engels is dan



ook die tale wat hulle die meeste in akademiese kringe praat (antwoorde op SLF 34). Vir die meeste Gp was Afrikaans ook die taal wat hulle die meeste in akademiese situasies en vir opvoedkundige doeleindes skryf, bv. in verband met die skool, universiteit, vorms invul in verband met studiebeurse, vraelyste e.d.m. (antwoorde op SLF 49).

Die effek wat kontak met die landstale op tersiêre vlak op die Gp se taalgebruik het, lei tot 'n diglossie-situasie: Duits word gebruik om laer geordende vakinhoudes oor te dra, en die landstale om hoër vakinhoudes mee te deel.

Lede van die ondersoekgroep het dan ook aangetoon dat hulle by voorkeur Engels gebruik om oor onderwerpe soos die wetenskap en die tegnologie of oor die landseksonomie of die landspolitiek te praat, maar die oorgrote meerderheid Gp, nl. 44 van die 65, bespreek sodanige onderwerpe nog steeds in Duits met ander Duitssprekendes. Daar vind dus onder hierdie omstandighede geen kodewisseling na die landstale toe plaas nie. (antwoorde op SLF 41 en 42).

Die meeste lede van die teikengroep, nl. 43 van die 65, het egter aangedui dat hulle hul die duidelikste in die landstale kan uitdruk as opvoedkundige sake bespreek word.<sup>12</sup>

-----  
12. Hierdie waarneming hou verband met die Gp se uitspraak dat hulle hulle die duidelikste in Afrikaans en Engels kan uitdruk as wetenskaplike en tegniese aangeleenthede bespreek word (antwoorde op SLF 38).

Die teikengroep het ook aangetoon dat hul Duits met Afrikaanse en Engelse elemente vermeng word wanneer opvoedkundige aangeleenthede bespreek word (antwoorde op SLF 57). Hierdie tendens word in 'n groter mate voortgesit wanneer tegniese of wetenskaplike aangeleenthede bespreek word. Hierdie verskynsel hou verband met die Gp se houding jeens meertaligheid.

Taal- en kultuurkontak in dié sfeer van die samelewing in die besonder, en meertaligheid by inwoners van die land in die algemeen, word in die plaaslike omstandighede as nuttig beskou, omdat dit veral geleentheid bied om aansluiting by ander kultuurgroepe te vind, dit tot kultuurverryking lei en dit ook beter begrip tussen die verskillende kultuurgroepe bewerkstellig (antwoorde op SLF 71).

Aansluitend hierby het die meerderheid Gp aangedui dat mense in Suid-Afrika hulle benadeel as hulle die landstale nie beheers nie wanneer opvoedkundige en opleidingsaangeleenthede ter sprake is (antwoorde op SLF 81 en 82).

Opsommend kan gesê word dat, hoewel Duits meesal die Gp se primêre taal is en hulle taalkundige grondslag by die Duitse Skool in Standaardduits gelê word, die belangrikheid van die landstale mettertyd toeneem om vakkundige en akademies meer gevorderde inhoude op 'n hoër vlak uit te druk. Vanweë die gemeenskaplike verriestings, ook betrekking kan hê op die opvoedkundige sisteem in Suid-Afrika is die kontak op

tersiêre vlak met die landstale baie intensief. Dit beïnvloed nie net die Pretoria-Duitser se uitdrukkingsvermoë in Duits nie, maar ook die suiwerheid van sy Duits as 'n kode met hoër kommunikasiefunksies.

#### 3.4.4 Taalkontak deur Kerk en Gemeentewerk

Soos reeds in Hoofstuk 2 aangevoer, rus die instandhouding van die Duitse taal en kultuur onder vreemde (d.w.s. Suid-Afrikaanse) omstandighede op drie pilare, nl. die gesin of familie, die skool en die kerk.<sup>13</sup>

Die kerklike lewe is dus in die eerste plek 'n domein waarin deutsches Brauchtum gehandhaaf en uitgebou word, en eers in die tweede plek 'n moontlike terrein waarop kontak met die landstale sal voorkom.

Die lede van die ondersoekgroep is stedelinge, en die taalkundige invloede van die kerk en sy geestelike leiers is nie so duidelik merkbaar as bv. in nedersettings soos Kroondal nie. Nogtans behoort 'n groot meerderheid van hulle aan die Evangelies-Lutherse Kerk. Hier kan genoem word dat die

-----  
13. Uiteraard is al vyf die lewensterreine wat in dié hoofstuk bespreek word interafhanklik. Dit volg dat gemeentelike verrigtinge ook betrekking kan hê op bv. die Gp se vryetydsbesteding - vgl. afdeling 3.4.6.

Lutherse geloofsbelydenis en die Duitse taal onlosmaaklik aan mekaar verbonde is.<sup>14</sup> Dit was dus byna vanselfsprekend dat die Gp sou aandui dat Duits by kerklike aangeleenthede die frekwentste gesproke en geskrewe taal sou wees (antwoorde op SLF 34 en 49).

Wat Standaardduits betref, speel die Gp 'n passiewe rol omdat hulle dit meesal as kanseltaal aanhoor. Hulle speel in dié verband slegs 'n ontvanger-rol en gebruik dit nie noodwendig self nie. Dit geld ook die gevalle waar hulle geestelike geskrifte lees.

Afgesien daarvan dat die betrokke pastor nie die enigste norm vir 'n aanvaarbare Duitse taalgebruik in 'n stad soos Pretoria is nie, is die invloed sfeer van Standaardduits in die kerklike lewe beperk tot amptelike handeling en sake wat in 'n formele register afgehandel word. Die gemeentelede self gebruik Standaardduits net in bepaalde gevalle - bv. by handeling soos gebede, die spreek van die Tien Gebooe en die Geloofsbelydenis. Vrae en antwoorde by kategese-onderrig sal uiteraard ook in Standaardduits hanteer word. Die Sprekakte is dus dikwels konteksafhanklik en van 'n herhalende aard.

---

14. Vgl. R. Grüner. o.J. p.5.

Daarenteen sal minder formele verrigtinge soos 'n kerkbasaar die Gp laat oorslaan na die Duitse omgangstaal waarin daar interferensies uit die landstale sal voorkom.

In die meer spontane taalgebruik van die gemeentelede is daar nie net minder doelbewuste normnavolging nie, maar is daar ook geleenthede waar andertalige gemeentelede, bv. Afrikaans- of Engelssprekende eggenote, ook aan die gemeentelike aktiwiteite deelneem - waardeur daar tog in 'n mate kontak met die landstale ontstaan. Daar is dus ook in die kerklike omgewing 'n potensiaal vir taalvermenging - al is dit volgens die Gp baie gering - vgl. Tabel 1.

Vanweë die Gp se noue verbintenis met die kerk, die formele en nie-formele onderrig wat daar deur middel van Duits gegee is en die kerklike inligting wat op 'n aktiewe of passiewe wyse via Duits oorgedra of ontvang word, beskou die meerderheid Gp Duits as die taal waarin hulle religieuse aangeleenthede die beste kan bespreek (antwoorde op SLF 38).

Die kerk en die gemeentelike lewe van die Gp dra nie net 'n duidelike stempel van die Duitse taal nie, maar dit is waarskynlik ook die lewensterrein waarop die Gp die minste kontak met die landstale het.

### 3.4.5 Taalkontak deur Beroepsbeoefening

In deel 3.4.3 is daar reeds genoem dat 'n groot getal Gp oor naskoolse kwalifikasies beskik. Daar is ook aangetoon dat die meeste Gp hul tersiêre opleiding deur middel van die landstale ontvang het. Hierdie opleiding hang uiteraard met die Gp se beroepsbeoefening saam.

Veral die manlike Gp word in uiteenlopende beroepe aangetref, terwyl 22 van die vroulike Gp as huisvrouens bedrywig was. Daar kan aangeneem word dat die beoefening van verskillende beroepe<sup>15</sup> ook verskillende tipes kontak met die landstale impliseer.

Wat die taalkontaksituasie in Pretoria aanbetref, kan daar aangeneem word dat Duits nie 'n baie hoë gebruiksfrekwensie in die beroepsbeoefening deur die Gp sal hê nie, en dat die verskillende Duitse beroeps- of vaktale nie by alle Gp ewe goed ontwikkel sal wees nie.

-----  
 15. Die 43 Gp wat in die ope arbeidsmark werksaam is, bestaan uit 32 mans en 11 vrouens. 'n Groot getal Gp beoefen akademiese beroepe soos onderwysers/dosente (16) of staan in die mediese of geassosieerde gesondheidsdiensberoepe soos verpleging, fisioterapie of aptekerswese (12). Ook die regsberoep en die openbare dienste word deur lede van die onderoekgroep verteenwoordig.

In gevalle waar die Gp wel in hul beroepe die betrokke vaktaal in Duits beheers het, was dit meesal a.g.v. òf formele studie in Duitssprekende dele van Europa of dat dit 'n tradisionele beroep is waar die vakidoom deel van die betrokke Gp se algemene agtergrond of sy interne opleiding was - bv. as horlosiemaker of meubelmaker, waar die betrokke Duitse tegnolek saam met die beroep aangeleer is. In ander gevalle is dié vak- of beroepskennis op formele of informele wyse meesal deur die Afrikaanse of Engelse beroeps- of vaktale aangeleer.

Omdat die taalwese dikwels met die wille of beroepe van Afrikaans en Engels is dan ook die tale wat die meeste met werkskollegas gepraat word en ook met beamptes in die openbare dienste, bv. in die poswese en die vervoerdienste (antwoorde op SLF 34). Die landstale het ook as kommunikasiemedia in die handel en nywerheid 'n dominante funksie as gevolg van die situasie dat veral die nywerhede en die hotelwese in die hande van Engelssprekendes of Engelsgeoriënteerde organisasies is.

Die invloed van veral Engels op die Gp is ook duidelik in hul leesgewoontes te sien. Lede van die ondersoekgroep het aangedui dat hulle meesal Engelse lektuur lees ter wille van hul beroepe of verdere opleiding (antwoorde op SLF 55). Die manlike Gp se beroepseise veroorsaak dat hulle in hul kontak met die massamedia en lektuur meer komplekse stof moet verwerk as hulle vrouens - en wel in dié gevalle waar hulle

vrouens huisvrouens is. Die meer ingewikkelde vakinhoud word dan, in die Suid-Afrikaanse omstandighede, meesal in Engels aangebied.

In ooreenstemming met die bostaande het die Gp aangedui dat die landstale ook die meeste geskryf word in kommunikasie met hul werkskollegas, in die handel en die bankwese en met beamptes in die Staatsdiens in die algemeen (antwoorde op SLF 49).

Omdat die taalkeuse dikwels met die rolle of beroepe van die Gp kovarieer, kan die drie kontaktale en die spesifieke vak-tale wat in bepaalde beroepe voorkom, as **Rollensprachen** beskou word. Hoe effektief is hierdie Rollensprachen as kommunikasiemedia?

'n Belangrike implikasie van die intensiewe kontak met Afrikaans en Engels in die beroepslewe van die Gp is dat hulle hulle in gesprekke oor beroepsaangeleenthede die duidelikste in die landstale kan uitdruk. Hierdie uitspraak geld die oordrag van inligting in 'n vaktaal of idioom waarin eenduidigheid of eksaktheid en woord-ekonomie (Eindeutigkeit und Prägnanz) in die uitdrukkings baie belangrik is.

16. W. Schmidt-Ihms, 1977. Spracherwerb und die Sprachprobleme deutschstämmiger Kinder in Natal, in: Information, Zeitschrift des Deutschen Lehrervereins für Süd- und Südwest-Afrika, Nr. 15, Pretoria, März 1977, p.15.



Die intensiewe kontak wat die Gp in hul beroepsbeoefening met die landstale maak, bring ook mee dat hul Duits met leksikale elemente uit die landstale aangevul word as hulle gesprekke in dié verband voer. Baie Gp het bepaalde beroepsgerigte begrippe in Suid-Afrika leer ken met net die Afrikaanse en Engelse benamings daarvoor, en die benamings wat immigrant-Duitsers uit Europa saambring, versprei nie altyd genoegsaam onder die Pretoria-Duitsers nie.

Die dominansie van Engels in die wetenskap en die tegnologie en die feit dat Duits ná skoolverlating en in die beroep vir baie Duitssprekendes 'n vreemde taal word, bring mee dat Engels as die hoër variëteit in 'n diglossie-sisteem gesien kan word. In dié verband merk M. Schmidt-Ihms op:

"Sachliches Wissen mit der nötigen Fachterminologie bleibt also auf vielen Gebieten (...) an die englische Sprache gebunden."<sup>16</sup>

Ter opsomming:

Soos wat die geval met hul opleiding was, het die Gp in hul beroepsbeoefening baie kontak met die landstale. In die werksituasie is die alternatiewe gebruik van twee of drie tale normaal. Dit het onder andere tot gevolg dat sekere

-----  
16. M. Schmidt-Ihms. 1977. Spracherwerb und die Sprachprobleme deutschstämmiger Kinder in Natal, in: *Information*, Zeitschrift des deutschen Lehrervereins für Süd- und Südwest-Afrika. Nr. 15. Pretoria, März 1977. p.15.

begrippe net op Afrikaans of Engels aan die Gp bekend is, en dat hy dikwels van al drie die kontaktale gebruik moet maak as hy 'n gekompliseerde proses of saak wil verduidelik. Die intensiewe en omvangryke kontak met die landstale kan tot linguistiese onsekerheid oor die korrekte gebruik van Duits lei.

#### 3.4.6 Taalkontak tydens Vryetydsbesteding

Met die bespreking van die huidige funksies van die oudingesetene Duitssprekende families van Pretoria asook dié van instansies soos die kerke, die Skool en die Pretoria Deutscher Verein (in Hoofstuk 2) is daar terloops verwys na die vryetydsbesteding<sup>17</sup> van die Gp.

Aangesien gestruktureerde gemeenskapsaktiwiteite waarby die Gp tydens hul vryetydsbesteding betrokke kan raak, reeds in Hoofstuk 2 genoem is, word daar in hierdie afdeling gekonsentreer op die kontak met die landstale in die Gp se praat-, skryf- en ander gewoontes, die effek daarvan op hul

-----  
 17. 'Vryetydsbesteding' verwys hier na aktiwiteite wat nie direk met beroepsbeoefening, formele studie, kerkbesoek e.d.m. verband hou nie. Hierdie aktiwiteite kan hoogs gestruktureerd bedryf word, bv. in verband met kerk of skool, of minder gestruktureerd in gesinsverband of met vriende. Die begrip het dus ook betrekking op sportbeoefening, algemene ontspanning en ook op die handhawing van deutsches Brauchtum - moontlik as reaksie teen die sterk invloed van ander taal- en kultuurgroepe, veral in die beroeps- en openbare lewe in Pretoria.

Duits en laastens enkele aspekte van die handhawing van hulle Duitse gewoontes en tradisies, soos gereflekteer in die SLF.

Wat die Gp se praatgewoontes by sportbeoefening, stokperdjies en hul betrokkenheid by kultuurverenigings betref, is daar 'n bepaalde dominansie deur Duits (antwoorde op SLF 34). Hierdie waarneming hou verband met die feit dat dié tipe aktiwiteit òf in die gesin, saam met vriende, òf binne die raamwerk van die kerk, die Skool of die Deutscher Verein plaasvind.

Op die gebied van die kunste en kultuurbeoefening asook in verband met sport het die Gp aangedui dat Afrikaans die taal is wat hulle die meeste skryf.<sup>18</sup>

Daarteenoor word Duits die meeste geskryf by aktiwiteite wat saamhang met verenigings en klubs; vryetydsbesteding gewy aan stokperdjies en by jeugverenigings (antwoorde op SLF 49).<sup>19</sup>

18. Die rede hiervoor is moontlik dat dit eerder meer formele situasies is waarvoor die landstale vir amptelike doeleindes gebruik moet word.

19. Dit gaan hier moontlik weer om die rol van die Skool en die kerk in 'n meer private konteks.

Wat die Gp se leesgewoontes betref, het hulle gedurende die ondersoekperiode heelwat meer Engelse as Afrikaanse koerante gelees, en geen Duitse koerante is gedurende daardie tydperk gelees nie. Ook op die gebied van ander tipes lektuur, nl. prenteverhale (Eng. comics) en tydskrifte asook boeke wat vir ontspanningsdoeleindes gelees word, is kontak met of beïnvloeding deur veral Engels baie prominent (antwoorde op SLF 50-54).<sup>20</sup>

Deur die radio en televisie het die Gp ook, wat hul luistergewoontes betref, kontak met die ander taal- en kultuurgroepe in Pretoria. Soos wat die geval met die ander massamedia is, oorheers die landstale die toneel, en min televisieprogramme met Duitse klankbane kan gehoor word. Verder is daar 'n sterk invloed van veral Amerikaanse Engels, bv. in die tekste van ligte ontspanningsmusiek, op die Gp as passiewe gebruikers van die massamedia.

---

20. Waar mans meer koerant gelees het as vrouens gedurende die betrokke tydperk (70% teenoor 30%), het die vroulike Gp weer aansienlik meer tydskrifte gelees (65% teenoor 35%). Die lees van boeke vir ontspanningsdoeleindes het geen beduidende verskil tussen manlike en vroulike Gp opgelewer nie. Die waarneming dat mans meer koerant en minder tydskrifte lees, hou waarskynlik met hul beroepsbeoefening verband, en dat hulle vir die effektiewe beoefening van hulle ander rolle in sosiale netwerke meer op die hoogte van aktuele sake moet wees as die vroulike Gp.

By die aktiewe gebruik van taal gedurende hul vryetydsbesteding, d.w.s. deur te praat of te skryf, het die meerderheid van die Gp aangedui dat hulle hulle die beste in Duits kan uitdruk as hulle 'n onderwerp op 'n belangstellingsterrein soos sport bespreek (antwoorde op SLF 38). Nogtans word hul Duits tog ook op dié terrein van die samelewing deur woordeskat-elemente van die landstale beïnvloed (vgl. die antwoorde op SLF 57).

Indien die Gp nog positief ingestel is jeens die handhawing van die Duitse taal en kultuur, kan hul vrye tyd ook daarvoor aangewend word. Dit gaan dan nie hier om taal as 'n opeenvolging van (mikro-)Bräuche nie, maar eerder om 'Einzelbräuche', as (makro-)Bräuche, volgens E. Leisi se uiteensetting.<sup>21</sup>

By die beoefening van sulke groot, diskrete gebruike word 'n taal natuurlik ook gebruik. Dit volg dat sulke makrogebruike 'n raamwerk verskaf waarbinne 'n taal gehandhaaf kan word; as daar egter 'n kultuurverskuiwing plaasvind, sal die afwesigheid van ou gebruike en tradisies uiteraard die instandhouding van die betrokke taal teëwerk.

Hoe lyk dit met die Gp se deelname aan tradisionele Duitse feeste en geleenthede?

-----  
21. Vgl. R. Grüner. 1979(a). p.20.

Die oorgrote meerderheid Gp vier godsdienstige feeste soos Paasfees, en Kersfees op tradisioneel Duitse wyse (antwoorde op SLF 94). Die inwoners van Pretoria het die helfte van die on-  
 tersoekgroep die verstaan om al drie die kontaktsie Duits,  
 Daarteenoor neem net ongeveer die helfte van die Gp deel aan aktiwiteite soos **Frühschoppen** en karnavals; 12 van die manlike Gp het aangedui dat hulle soms met ander Duitssprekendes gaan keëls speel. Baie van hierdie aktiwiteite word in samewerking met bv. die Pretoria Deutscher Verein gereël. Hierdie nie-godsdienstige geleenthede sluit dikwels ook die aanbieding of bywoning van bv. 'n **bunter Abend** of 'n **Büttenabend** in.

Die Duitse gemeenskap het dus 'n eie dinamiek en toon inisiatiewe wat nie deur ander kultuurgroepe in Pretoria bepaal word nie. Nogtans kan die Gp nie heeltemal aan die invloede van ander kultuurgroepe ontkom nie.

Die akkulturasieproses begin reeds in die huisgesin as een van die eggenote nie-Duitssprekend is. Hierdie proses word veral deur die massamedia verhaas - vgl. die luister- en leesgewoontes van die Gp.

(2) Al drie die kontaktsie vervul die dieselfde kommunikatiewe funksies in die samelewing van die Gp nie. Soos in die volgende afdeling aangetoon, tree die drie tale eerder komplementêr as duplisierend op. Taalkuse by die Gp

### 3.5 SAMEVATTING

As gevestigde inwoners van Pretoria het die lede van die ondersoekgroep die vermoë om al drie die kontaktale Duits, Afrikaans en Engels op 'n bevredigende vlak te kan hanteer. Dit is ook normaal dat die Gp daagliks van al drie die tale gebruik sal maak, afhangend van die situasie waarin hulle hulle bevind.

Dit is die doelwit met hierdie hoofstuk om te beskryf wat die aard en omvang van die Gp se kontak met die landstale is.

Ter bereiking van die doelwit is die volgende aannames gestel:

(1) Taalgebruik en taalkeuse is 'n funksie of die resultaat van taalhoudings. As lede van die hoër sosio-ekonomiese bevolking van Pretoria het die Gp in die algemeen gunstige ingesteldhede jeens die landstale uitgespreek. Hulle het ook aangedui dat hulle die landstale dikwels in verskillende situasies gebruik. Die aanname kan as geldig beskou word.

(2) Al drie die kontaktale vervul nie dieselfde kommunikatiewe funksies in die gemeenskapslewe van die Gp nie. Soos in die volgende aanname aangetoon, tree die drie tale eerder komplementêr as dupliserend op. Taalkeuse by die Gp

is dikwels op pragmatiese oorwegings gegrond, en is die taalkeuse dus instrumenteel in die doelwitbereiking van die Gp. Die aanname kan as geldig beskou word.

(3) Duits speel 'n belangrike rol in intieme, informele situasies, terwyl die twee ampstale belangriker funksies in formele situasies vervul. In terme van triglossie vervul Duits 'n belangrike kommunikatiewe funksie veral in die huisgesin en onder vriende, terwyl Afrikaans in die openbare dienste, soos die Staatsdiens, 'n belangrike rol speel. Engels is weer in die handel en nywerheid die belangrikste verkeerstaal. In die algemeen kan hierdie aanname as geldig beskou word.

(4) Binne die raamwerk van triglossie verteenwoordig Duits, en in 'n mindere mate Afrikaans, die laer (L) variëteit, terwyl Afrikaans en veral Engels die hoër (H) variëteit verteenwoordig. Hierdie aanname kan in die algemeen as geldig beskou word, hoewel Duits tog in veral opvoedkundige en religieuse aangeleenthede by skool en kerk 'n belangrike kommunikasiemiddel is.

(5) Duits, as 'n minderheidstaal, is 'n beperkte lek in Pretoria. As gevolg van die beperkte kommunikatiewe funksies wat Duits in Pretoria vervul, kan dié aanname in die algemeen as geldig beskou word.



(6) Dit is 'n voorwaarde vir die handhawing van 'n taal dat daar 'n ondersteunende milieu moet wees waarbinne die betrokke taal gebruik word. Hoewel daar bepaalde groepe en organisasies in Pretoria bestaan wat ten opsigte van die handhawing van die Duitse taal en kultuur 'n belangegemeenskap vorm, is daar tog faktore wat veroorsaak dat die Gp aan die invloed van ander taal- en kultuurgroepe blootgestel word. Dit word ook in hul taalkeuses en taalhoudings weerspieël. Die aanname kan as geldig beskou word.

(7) Taalverskuiwing vind nie op alle terreine van die lewe ewe vinnig plaas nie. Die taalgebruikspatrone van die Gp asook hul deelname aan verrigtinge wat die handhawing van Duitse tradisies ondersteun, toon dat veral die huisgesin en die kerk meer geneig is tot taalhandhawing, as die beroepsfeer en die gebruik van die massamedia wat beïnvloeding deur die landstale bevorder. Die aanname kan dus as geldig beskou word.

Daar kan gesê word dat die doelwitte met dié Hoofstuk bereik is.

Opsommend kan gesê word dat die tipe meertaligheid wat in die gebruik van die landstale, verskillendsoortig is, die algemeen by die Gp voorkom, die newegeskikte of dan die gekoördineerde tipe is, in dié sin dat die verskillende tale

22. In dié verband vgl. ook X. Prinsloo, 1972, p.26.

23. W. Schmidt-Ihms, 1977, p.13.

vir verskillende doeleindes in verskillende situasies aanvullend tot mekaar gebruik word (dit is ook die mees gewenste tipe meertaligheid).<sup>22</sup>

As streeksmeertaligheid (Duitssprekendes in Suid-Afrika) is dit ook 'n aktiewe, natuurlike tipe meertaligheid, sodat die Gp op alle vlakke en in byna alle sferes van die samelewing deur die kontaktale beïnvloed word.

In Pretoria het Duits ook 'n beperkte gebruiksfunksie. In dié verband merk M. Schmidt-Ihms soos volg oor die situasie in Suid-Afrika op:

"Es ist wahr, dass die Sprache, die in mehr Situationen gesprochen wird und für mehr Rollen geeignet ist, sich breiter und besser entwickeln muss als die Sprache, die nur unter bestimmten Umständen und für gewisse Rollen in Frage kommt."<sup>23</sup>

Die omvangryke invloed wat die landstale op die Gp in hul daaglikse lewe het, tesame met die kulturomgewing van die Duitssprekendes wat as gevolg van faktore soos taalkundig gemengde huwelike, die indringing van die massamedia by vryetydsbesteding e.d.m. begin verskraal en onstabiel raak, het tot gevolg dat die Gp meer selfvertroue begin ontwikkel in die gebruik van die landstale. Terselfdertyd raak hulle onseker oor hul eie Duitse taalgebruiksnorme en ontstaan

-----  
22. In dié verband vgl. ook K. Prinsloo. 1972. p.26.

23. M. Schmidt-Ihms. 1977. p.13.

daar variasies in die gebruik van veral hul woordeskat. Die intensiewe kontak met die landstale het dus tot gevolg dat ontlenings uit die landstale in hul kommunikasie met ander Duitssprekendes kan voorkom.

Die doelwit met hierdie hoofstuk is om die invloed van Afrikaans en Engels op die Duitse woordeskat van die ondersoekgroep te beskryf en, indien moontlik, sosiolinguïstiese verklaarings vir die bevindings te gee.

Dit gaan dus hier om leksikale items wat in bepaalde redes aan die twee amptelike landstale ontleen is.

Om dit te kan beskryf, sal die volgende beproef word.

- die ondersoekgroep se uitprake oor die status van die Duitse woord en hul houdings oor taal suiwerheid
- metode om die kontaktaalige beïnvloeding te beskryf
- ontlenings in Duits s.g.v. taalkontak, waarby die kontrastering van verskillende taalkonseppe is
- samevatting van bevindings; verklaarings vir ontlenings en die implikasies van hierdie ontlenings vir Pretoria-Duits